

Openbaring
Hoofstuk 22

Op 'n stadium het Johannes die nuwe stad Jerusalem nog net op 'n afstand gesien, en dit beskryf net soos dit aan hom getoon is. Maar vanaf Hoofstuk 21:21 is hy binne in die stad gebring om te sien hoe dit daar lyk. En hy merk onmiddelik dat die strate van goud is, nie net goud soos ons dit ken nie, maar van die suiwerste goud wat soos deurskynende glas gelyk het.

In hoofstuk 22 gaan Johannes voort om die heerlijkheid binne die nuwe Jerusalem te bedink soos die engel dit aan hom openbaar.

● **Opn. 22:1 En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.**

→ Die water waarna hier verwys word is nie water soos ons water ken nie, want daar sal ook geen see wees nie. Die water wat hier genoem word simboliseer die water van die ewige lewe. Hierdie rivier spreek van die krag en reinheid van die ewige lewe wat in die heilige stad vloei. Dit kom ooreen met die strome van lewende water wat deur die Heilige Gees aan ons gegee word. **OPN. 21:6 EN HY HET VIR MY GESÊ: DIT IS VERBY! EK IS DIE ALFA EN DIE OMÉGA, DIE BEGIN EN DIE EINDE. AAN DIE DORSTIGE SAL EK GEE UIT DIE FONTEIN VAN DIE WATER VAN DIE LEWE, VERNIET.**

● **Opn. 22:2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.**

→ Daar was ook so 'n boom in die tuin van Eden. **GÉN. 2:9 En die HERE God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.**

→ Let op na die woorde “begeerlik om te sien”. Almal wat hier is, kan noot weer verlore gaan nie, en die boom van lewe gee nie lewe nie, maar eerder ontspanning. Die griekse woord vir genesing hier, is die woord “Therapeutic”. So die blare sal 'n tipe ontspanning of terapie verskaf vir mense in hul verheerlikte status. Daar is in volheid.

● **Opn. 22:3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. Opn. 22:4 En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. Opn. 22:5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.**

→ Die vervloeking van Gen 3 is nou tot niet gemaak. **GÉN. 3:16 AAN DIE VROU HET HY GESÊ: EK SAL GROOTLIKS VERMEERDER JOU MOEITE EN JOU SWANGERSKAP; MET SMART SAL JY KINDERS BAAR; EN NA JOU MAN SAL JOU BEGEERTE WEES, EN HY SAL OOR JOU HEERS. GÉN. 3:17 EN AAN DIE MENS HET HY GESÊ: OMDAT JY GELUISTER HET NA DIE STEM VAN JOU VROU EN VAN DIE BOOM GEËET HET WAARVAN EK JOU BEVEEL HET OM NIE TE EET NIE—VERVLOEK IS DIE AARDE OM JOU ONTWIL; MET MOEITE SAL JY DAARVAN EET AL DIE DAE VAN JOU LEWE. GÉN. 3:18 OOK SAL DIT VIR JOU DORINGS EN DISTELS VOORTBRING; EN JY SAL DIE PLANTE VAN DIE VELD EET. GÉN. 3:19 IN DIE SWEET VAN JOU AANGESIG SAL JY BROOD EET TOTDAT JY TERUGKEER NA DIE AARDE, WANT DAARUIT IS JY GENEEM. WANT STOF IS JY, EN TOT STOF SAL JY TERUGKEER.**

→ Die gelowiges in die Nuwe Jerusalem gaan God se gesig sien. Deurdat hulle nou ook volmaak heilig en geregverdig is gaan hulle waardig geag word om die Hemelse Vader van aangesig tot aangesig te sien.

→ Daar gaan geen twyfel wees om te bepaal aan wie hulle behoort nie.

→ Ons gaan nie vir mekaar herinner hoe ons altyd gesukkel het om mekaar in die kerk te kry of hoe ons nie van hierdie sondige gewoonte of daardie lelike houding verlos kon word nie, nee almal gaan vry van sonde en swakhede wees waarmee ons op aarde geworstel het.

→ “...**AS KONINGS REGEER**” beteken slegs dat daar geen slawe in die nuwe Jerusalem sal wees nie. Daar is almal gelyk en kinders van God.

● **Opn. 22:6 En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. Opn. 22:7 Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.**

→ Hy herhaal die woorde wat Johannes in 1:3 gehoor het. **OPN. 1:3 SALIG IS HY WAT DIE WOORDE VAN DIE PROFESIE LEES, EN DIE WAT DIT HOOR EN BEWAAR WAT DAARIN GESKRYWE IS, WANT DIE TYD IS NABY.**

● **Opn. 22:8 En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Opn. 22:9 Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is ‘n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.**

→ Johannes wil die engel aanbid. So ‘n groot heiligheid omring die engel en dit wat nou uit hom gekom het dat hy nie anders kan as om in aanbidding neer te val nie. Maar die engel spoor hom aan om God te aanbid deur wie se toedoen hy al hierdie heerlikheid kon sien en opskryf om aan ons te gee.

→ Ons kan onself net indink dat geen menslike brein al hierdie dinge kan begryp nie, daarom lyk dit asof Johannes nie weetwatter kant toe nie. Hierdie dinge is bedoel vir die verheerliktes.

→ Johannes het dieselfde gedoen in hoofstuk 19. **OPN. 19:10 EN EK HET VOOR SY VOETE NEERGEVAL OM HOM TE AANBID; MAAR HY HET VIR MY GESÊ: MOENIE! EK IS ‘N MEDEDIENSKNEG VAN JOU EN VAN JOU BROEDERS WAT DIE GETUIENIS VAN JESUS HET. AANBID GOD. WANT DIE GETUIENIS VAN JESUS IS DIE GEES VAN DIE PROFESIE.**

● **Opn. 22:10 En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby.**

→ Talle vorige profesieë is verseël.

A) **DAN. 8:26 EN DIE GESIG VAN DIE AANDE EN DIE MÔRES WAARVAN GESPREK IS, DIT IS WAARHEID; EN JY, HOU DIE GESIG GEHEIM, WANT DIT SIEN OP ‘N VERRE TOEKOMS.**

B) **DAN. 12:4 EN JY, DANIËL, HOU DIE WOORDE GEHEIM EN VERSEËL DIE BOEK TOT DIE TYD VAN DIE EINDE TOE; BAIE SAL DIT DEURSOEK, EN DIE KENNIS SAL VERMEERDER.**

→ Die boek Openbaring moenie verseël word nie want mense wat hierdie boek lees moet besef dat al hierdie dinge enige oomblik kan plaasvind.

● **Opn. 22:11 Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. Opn. 22:12 En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Opn. 22:13 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Opn. 22:14 Salig is die wat sy geboorte doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Opn. 22:15 Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen. Opn. 22:16 Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. Opn. 22:17 En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet. Opn. 22:18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. Opn. 22:19 En as iemand iets van die woorde van**

die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. Opn. 22:20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! Opn. 22:21 Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.

→ Wanneer ons by die gedeelte oor die laaste waarskuwings kom, vanaf v6-21 word ons weer herinner aan hoe ons moet leef in afwagting op soveel heerlikheid.

→ Dis asof die engel hier aan Johannes weer 'n stukkie Evangelie invleg om ons gereed te maak om hierdie heerlikhied tegemoet te gaan.

→ Ons word opgeroep om die boek Openbaring te bewaar en te beskerm. Dit moet verdedig word teen hulle wat die boek se relevansie aantas en sy boodskap wil afwater.

→ Vanaf vers 12 is Jesus self aan woord. En gee sekere dinge om op te let:

- a) Jesus gee 'n belofte van loon (V12).
- b) Jesus gee versekering (V13)
- c) Jesus gee aansporing (V14)
- d) Jesus gee 'n waarskuwing (V15)
- e) Jesus se slotwoord (V16)

→ Jesus gaan weer kom! En Sy koms is voor die deur!

→ Die boek se finale verse gaan weer oor die feit dat Jesus se wederkoms nie 'n versinsel is nie, maar 'n werklikheid! Dis die waarheid van die Skrif!

→ Die heerlike waarheid van die Skrif is dat hulle wat hulle op die uitnodiging van Christus bekeer het, is dat hulle vir ewig saam met Hom in heerlikheid gaan Wees in die hemel en in die Nuwe Jerusalem.